Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2021

GESKIEDENIS V1
NASIENRIGLYN
(EKSEMPLAAR)

PUNTE: **100**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 24 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	• Onttrek inligting uit bronne. • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne. • Definieer historiese begrippe/terme.	**30% (15)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne. • Verduidelik inligting verkry uit bronne. • Analiseer bewyse uit bronne.	**40% (20)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne. • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings.	**30% (15)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ‘n standpunt in te neem in die beantwoording van ‘tot watter mate’ vrae om enige punte te verdien.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

Paragraafvraag

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

_____ + _____ + _____
_____ + _____ + _____
√√√√
Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op ’n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ’n redelike reeks feite of ’n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ’n opstel ’n inleiding, ’n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ’n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ’n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ’n riglyn vir nasien van ’n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ’n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ’n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs ‘feite’ neer te skryf om ’n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om ‘model-antwoorde’ voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ’n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

Kopiereg voorgehou

2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmomente/aspekte wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte in die assessering van 'n opstel.

P	**Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
E	**Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
E	**Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou.
L	**Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is.

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
|
|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA ↕

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 26–27
A	VLAK 3	

KOMMENTAAR
Vraag herkenbaar in antwoord.
Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.

NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

AANBIEDING → / INHOUD ↓	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

*Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: HOE HET BERLYN NA 1945 'N FOKUSPUNT VAN DIE KOUE OORLOG GEWORD?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Duitsland moet in vier sones verdeel word. (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Eie kennis en begrip van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Koue Oorlog is 'n oorlog van woorde sonder fisiese gevegte.
- Dit is 'n ideologiese stryd tussen die kapitalistiese Weste en die Kommunistiese Ooste.
- 'n Tydperk van spanning vanaf die einde van die Tweede Wêreldoorlog tot 1989. (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Duitsland sou verdeel word sodat die oorlog nie weer kon begin nie.
- Om die krag en uitbreiding daarvan te beperk.
- Berlyn was 'n hoofstad wat in die Russiese kant geval het, en die Westerse bondgenote wou voordeel daaruit trek
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Die VSA en die USSR was na die Tweede Wêreldoorlog saam en nou veg hulle mekaar
- Nie die VSA of die USSR wou mekaar in hierdie konfrontasie onderwerp nie
- Hulle is in 'n toestand van vyandigheid teenoor mekaar
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Londen
- Washington
- Parys (Enige 3 x 1) (3)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- In 1948 gebeur (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Gedeeltelike blokkade van Berlyn in April
- Volle blokkade in Junie (Enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die instelling van die Marshall-plan vir Europese herstel
- Die Londense konferensies van die winter en die lente van 1948
- Die resulterende Londense program wat gevra het vir 'n afsonderlike Wes-Duitsland en valuta-hervorming om dit te bereik (Enige 2 x 1) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Westerse geallieerdes het lugvervoer ingestel
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Sy doelstellings was nie suksesvol nie
- Die Westerse Geallieerdes het voortgegaan om Wes-Berlyners te voorsien
- Wes-Duitsland was reeds van Oos-Duitsland geskei
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2.6 *[Bepaling van die bruikbaarheid van die bewyse uit Bron 1B – L3]*
- Die bron noem die redes waarom die Berlynse-Blokkade begin is
- Blokkade is weens die verdeling van Berlyn begin
- Dit het plaasgevind toe Duitsland in Federale Republiek en Demokratiese Republiek verdeel is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Demokrasie (4)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Berlynse-Blokkade het meer spanning tussen Oos en Wes veroorsaak
- Die Westerse Geallieerdes het NAVO vir enige aanvalle gevorm
- Die USSR het die Warschau-verdrag gevorm vir enige aanvalle om die NAVO teë te werk
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Rusland wou die hele Berlyn beheer, met sy arms om Berlyn gevou
- Stalin het al die toegangsroetes na Berlyn gesluit en die VSA, Brittanje en Frankryk verhoed om noodsaaklikhede aan Berlyn te voorsien
- Brittanje, Frankryk en die Verenigde State het ’n aandeel in Berlyn, met hul vlae binne Berlyn
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Bron 1A meld dat Berlyn in vier sones verdeel is. Bron 1D toon die verdeling waar daar ’n Britse, Franse en Amerikaanse vlag is en ook die ‘Sowjet-besetting’
- Bron 1A noem dat daar meningsverskille was oor die verdeling van Berlyn. Bron 1D toon die meningsverskil waarin hierdie figuur van die USSR die hele Berlyn wou beset
- Enige ander relevante antwoorde (Enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:

- DieJalta-bondgenote het besluit om Duitsland en Berlyn in vier besettingsones te verdeel
- In Potsdam kan elke besettingsmag eiendom en vergoeding uit hul eie gebied verwyder, maar nie die Duitse ekonomiese stabiliteit saboteer nie (eie kennis)
- Die wêreldmening is ten gunste van vrede en wou hê Rusland moet hul missiele van Kuba en die VSA onttrek om die blokkade teen Kuba op te skort (Bron 1C)
- Die VSA en die USSR stem ooreen om die krisis te beëindig deur Amerikaanse missiele in Turkye te onttrek in ruil vir Russiese onttrekking van missiele uit Kuba (Bron 1D en eie kennis)
- Kompromie lei tot die einde van die krisis (eie kennis)
- Kuba se onafhanklikheid word gewaarborg (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

	KRITERIA	
VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse. • Vraag nie beantwoord nie. • Toon geen of min begrip v**an hoe Kuba, Amerika en Rusland op die Kubaanse missielkrisis gereageer het**. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp. • Toon 'n mate van begrip v**an hoe Kuba, Amerika en Rusland op die Kubaanse missielkrisis gereageer het**. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante en toepaslike bewyse. • Toon 'n deeglike begrip v**an hoe Kuba, Amerika en Rusland op die Kubaanse missielkrisis gereageer het**. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	**6–8**

(8)
[50]

VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE MOONDHEDE BY DIE ANGOLESE ONAFHANKLIKHEIDSOORLOG BETROKKE GERAAK?

2.1 2.1.1 *[Definisie van historiese konsepte uit Bron 2A – V1]*
- 'n Ekonomiese stelsel gebaseer op staatsbesit van produksie middele
- 'n Ekonomiese stelsel wat die privaatbesit van eiendom en produksie middele verbied
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'n Instinktiewe vrees vir die gevare van kommunistiese uitbreiding (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- FNLA
- UNITA (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- MPLA was kommunisties
- MPLA was teen SA se apartheidsbeleid gekant
- MPLA het ANC toegelaat om basisse daar te open om die gewapende stryd teen SA voort te sit
- MPLA het SWAPO toegelaat om basisse daar op te rig om die stryd vir onafhanklikheid voort te sit
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Beide organisasies wou SA se ondersteuning werf en het sodoende belowe dat hulle SWAPO aktiwiteite in Angola sou verbied
- SWAPO het Angola gebruik om die gewapende stryd teen SA voort te sit – indien hulle toegang tot Angola verbied was kon hulle nie die stryd om onafhanklikheid van Namibië voort sit nie.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- (a) Die Sowjet-unie en Kuba
- (b) Die VSA (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Die Angolese volk hul beskerming teen imperialistiese aggressie gevra het ...' (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Die VSA was gekant teen die kommunistiese indringing in Angola omdat dit hul kapitalistiese belange daar in gevaar sou stel.
- VSA se inmenging was gebaseer op ekonomiese belange en nie ideologiese oortuiginge nie
- VSA het regte gehad om olie in Angola te onttrek – Chevron
- VSA kon nie bekostig om oliekontrak te verloor nie aangesien die Arabiese lande 'n olieboikot het in die 1970's teen haar ingestel het.
- Angola se natuurlike hulpbronne was 'n belangrike bron van inkomste vir die VSA en daarom om Russiese inmenging ten alle koste gestop word.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Evaluering van bruikbaarheid van Bron 2B – V3]*

Bruikbaar tot 'n groot mate

- Dit was geskryf deur 'n bekwame erkende historikus
- Die inligting kan deur ander historiese bronne bevestig word
- Die bron gee die redes vir die buitelandse inmenging in Angola
- Die bron beklemtoon ook dat die redes vir die inmenging nie net ideologies was nie, maar ook ekonomies.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- Hulle het wapens gestuur
- Hulle het instrukteurs gestuur (2 x 1) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Kuba het geen intensie gehad om by die Angolese Onafhanklikheidsoorlog betrokke te raak nie
- Kuba het geen planne gehad om by die Angolese konflik betrokke te raak nie.
- Kubaanse betrokkenheid sou slegs plaasvind indien daar vir dit aangevra sou word
- Enige relevant antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- Op versoek van die MPLA
- Om Angolese patriotte te help om die inval van die Suid-Afrikaanse rassiste te weerstaan (2 x 1) (2)

2.3.4 *[Bepaling van betroubaarheid van Bron 2C – V3]*

Betroubaar tot 'n groot mate

- Dit is 'n primêre bron – gee eersterangse inligting
- Castro was die president van Kuba en was direk betrokke by die konflik
- Die datum van die bron stem ooreen met datum van die burgeroorlog
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Om te wys dat hulle trots was oor hul oorwinning oor die SAW en UNITA
- Om te wys dat die militêre mag van die SAW kwesbaar was.
- Dit toon hul vasberadenheid om te verseker dat die MPLA en kommunisme in Angola beskerm sou word.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- SAW sou dit as propaganda beskou het
- SAW sou wraak wou neem
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate mag die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- SA was teen die kommunistiese MPLA gekant. (Bron 2A)
- SA ondersteun UNITA en FNLA omdat hulle anti-kommunisties was (Bron 2A)
- Beide UNITA en FNLA het belowe om SWAPO aanvalle op Suid-Afrika teen te werk. (Bron 2A)
- Rusland en die VSA het betrokke geraak weens ekonomiese en ideologiese redes (Bron 2B)
- VSA wou die verspreiding van kommunisme in Angola en Suider Afrika bekamp (Bron 2B)
- VSA het olie-kontrakte in Angola gehad en was dus gekant teen kommunistiese uitbreiding wat dit in gevaar sou stel. (Eie kennis en Bron 2B)
- Rusland en Kuba het die MPLA ondersteun omdat hulle kommunisties was (Bron 2B)
- Rusland en Kuba het ingegryp omdat die MPLA hulp gevra het (Bron 2B)
- Angola se geografiese ligging was van strategiese waarde vir beide die VSA en Rusland (Bron 2C)
- Kuba het betrokke geraak op versoek van die MPLA (Bron 2C)
- Kuba het betrokke geraak om die Suid-Afrikaanse weermag se optog in Angola stop te sit (Bron 2C)
- Buitelandse betrokkenheid het tot oorlog tussen die MPLA en UNITA en SAW gelei (Bron 2D)
- SAW verslaan tydens die Slag van Cangamba (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

	KRITERIA	
VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse. • Vraag nie beantwoord nie. • Toon geen of min begrip **waarom buitelandse moondhede by die Angolese onafhanklikheidsoorlog betrokke geraak het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp. • Toon 'n mate van begrip **waarom buitelandse moondhede by die Angolese onafhanklikheidsoorlog betrokke geraak het.** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante en toepaslike bewyse. • Toon 'n deeglike begrip **waarom buitelandse moondhede by die Angolese onafhanklikheidsoorlog betrokke geraak het.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	**6–8**

(8)
[50]

VRAAG 3: HOE HET DIE VERLOOP VAN SKOOLINTERGRASIE OP DIE SENTRAAL HOËRSKOOL IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, ONTVOU?

3.1 3.1.1 *[Definisie van historiese begrippe uit Bron 3A – V1]*

- Hy het die inligting ontvang dat karavane van motors gevul met wit heersugtiges (supremacists) op pad na Little Rock is. (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Hy het Sentraal hoërskool as verbode vir negers verklaar. (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Om te kyk na die ongelooflike skouspel van 'n leë skoolgebou omring deur 250 gewapende troepe van die Nasionale Wag. (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Afro-Amerikaners sal sterf
- Baie mense sal doodgemaak word
- Baie bloedvergieting as integrasie by Little Rock toegelaat sal word (1 x 2) (2)

3.1.5 *[Bepaling van die bruikbaarheid van Bron 3A – L3]*

Die bron is NUTTIG:

- Dit gee 'n uiteensetting van die rol wat Daisy Bates gespeel het om 'n einde aan segregasie by Little Rock te maak
- Daisy Bates het met Little Rock Nine ouers gekommunikeer
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- verseker die beskerming van alle studente (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Hulle het nie ’n telefoon gehad nie
- Sy is nie gekontak om haar te laat weet dat Daisy Bates van die NAACP gereël het dat sommige predikante die studente in ’n groep sou vergesel (2 x 1) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Hulle was rassisties en vol haat teenoor Elizabeth Eckford
- Elizabeth is nie deur die oproerige skare by Sentraal Hoërskool verwelkom nie
- Die oproerige skare was teen integrasie van Afro-Amerikaners
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Reg op menswaardigheid
- Reg op sekuriteit
- Reg op vryheid van spraak
- Reg op vrye beweging
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Om te wys hoe gewelddadig die gepeupel teen Elizabeth Eckford was terwyl hulle vir haar skree
- Om aan te toon dat hierdie wit gepeupel nie integrasie wou hê nie, jaag hulle haar uit die skoolomgewing
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Sy is dapper en toon geen vrees nie
- Sy is selfversekerd
- Sy is kalm en in ’n ontspanne bui
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Vergelyking van bronne om ooreenkomste te bepaal – V3]*
- Bron 3B sê dat Elizabeth Eckford probeer het om haar uit die wit oproerige skare te haal omdat hulle haar toegang tot die skool geweier het. Bron 3D wys hoe die wit oproerige skare Elizabeth agtervolg en probeer om haar pad te keer deur haar uit die skool te jaag
- Albei bronne beklemtoon die feit dat die wit oproerige skare Elizabeth Eckford onvriendelik was
- Bron 3B meld dat die oproerige skare op haar begin skree deur te sê ‘Hang haar’ ('Lynch her'). Bron 3D wys hoe die wit skare op Elizabeth Eckford skree
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Die drie wit meisies wou haar laat weet dat hulle haar nie in hul skool wil hê nie
- Die ander kinders het hulle aangemoedig (2 x 1) (2)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Twee, vier, ses, agt! Ons wil nie integreer nie (1 x 2) (2)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Hazel Bryan was rassisties
- Sy wou nie integrasie hê nie
- Sy het die steun van die wit oproerige skare gekry (vir haar soort gedrag)
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate mag die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Afro-Amerikaanse studente het die kans gekry om in 'n beter skool by te woon
- Die wit gepeupel het besluit om die integrasieproses by Sentraal Hoërskool (Bron 3A) te kom waarneem.
- Goewerneur Faubus het die berugte woorde uitgespreek dat die bloed in die strate sal loop as negers by Sentraal Hoërskool wil binnegaan (Bron 3A)
- Ouers van Little Rock Nine was bang vir hierdie berugte woorde (Bron 3A)
- Reëlings vir die beskerming van die Little Rock Nine is getref deur NAACP (Bron 3B)
- Terwyl Elizabeth probeer deurkom het, het die oproerige skare haar weggetrek (Bron 3B en 3C)
- Die oproerige skare het op Elizabeth begin skree en haar beledig (Bron 3B en 3C)
- Sy het probeer om hulp van die wagte te kry, maar daar was niks nie. In plaas daarvan het sommige in die wit oproerige skare op haar gespoeg. (3B en 3C)
- Die drie meisies, gemotiveer deur hul ouers, het hulle op 'n vyandige manier gedra om aan te toon dat hulle nie wil integreer nie (Bron 3D)
- Hazel Bryan het Elizabeth Eckford 'n woedende gesig gewys wat met haat vergiftig is (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

	KRITERIA	
VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse. • Vraag nie beantwoord nie. • Toon geen of min begrip **van rol wat die Swartmagbeweging in die opheffing van swart gemeenskappe in die VSA in die 1960's gespeel het**. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp. • Toon 'n mate van begrip **van rol wat die Swartmagbeweging in die opheffing van swart gemeenskappe in die VSA in die 1960's gespeel het**. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante en toepaslike bewyse. • Toon 'n deeglike begrip **van rol van die Swartmagbeweging in die opheffing van swart gemeenskappe in die VSA in die 1960's gespeel het**. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	**6–8**

(8)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – VIETNAM

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]

SINOPSIS
Kandidate moet krities bespreek waarom die VSA nie in staat was om 'n klein volkie Viëtnamese boere tydens die Viëtnam-oorlog tussen 1963 en 1973 te verslaan nie. 'n Uiteensetting van die taktiek en strategieë wat deur die VSA se leër en die Vietmihn/Vietcong (Nasionale Bevrydingsfront) tydens die oorlog gebruik word, moet uitgelig word.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet die stelling krities bespreek en 'n relevante gedagterigting ontwikkel.

UITBREIDING
VSA strategieë:

- Redes vir die VSA se ontplooiing van troepe na Vietnam
- Program vir die dorp / strategiese gehuggie (die regering van die VSA en Suid-Viëtnam het nuwe dorpe geskep en gepoog om dorpenaars te skei (boere) van guerrillas waarvan dit 'n mislukking was.
- Resolusie van die Golf van Tonkin (1964) het president Johnson wye militêre magte gegee wat tot die eskalasie van oorlogvoering in Viëtnam gelei het.
- Die VSA se massalugbomaanval – 'Operasie Rolling Thunder'
- Operasie Ranch Hand (gebruik chemikalieë om woude (Agent Orange) en gewasse (Agent Blue) te vernietig
- VSA het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur
- VSA het (My Lai-slagting) deursoek-en-vernietig operasies gebruik om dorpe wat deur Viet Cong ondersteun word, te vernietig (dit het gelei tot 'n aantal burgerlike sterftes)
- Die rol van die media, studente en ontwapeningsbewegings om druk op die Amerikaanse regering uit te oefen om hulle uit Vietnam te onttrek
- President Nixon se Viëtnamiseringsbeleid / insluitend WHAM (Wen die harte en gedagtes van die Viëtnamese) was 'n poging van die VSA om uit die oorlog te onttrek en sy eer te red
- Die VSA het alle troepe teen 1973 onttrek en Noord-Viëtnam het in 1975 die beheer oor Saigon oorgeneem
- Enige ander relevante antwoord

Vietcong-strategieë:

- Noord-Viëtnam het militêre steun van die USSR en China ontvang, sodat die Vietminh en Vietcong toegang tot moderne wapens gehad het
- Guerrilla-oorlogvoering is effektief deur die Vietcong gebruik, ondersteun deur Vietminh uit die noorde en gebruik taktieke soos lokvalle, ondergrondse tonnels, tref-en-hardloop en sabotasie
- Tet-offensief (1968) is deur Vietminh en Vietcong van stapel gestuur teen stedelike sentrums en VSA-basisse in Vietnam
- Die plaaslike Viëtnamese bevolking het die Vietcong ondersteun om hul land te bevry
- Ho Chi Minh-roete wat deur Vietminh (Noord) gebruik word om Vietcong in die suide te ondersteun
- Die Vietcong het sy ondersteuningsbasis vergroot weens die taktiek teen die Amerikaanse soldate
- Viëtnamese was verenig in die verdediging van hul land
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argumente met relevante gevolgtrekkings saamvat. **[50]**

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle saam met die stelling stem of nie en hul antwoord met relevante historiese bewyse ondersteun. Kandidate moet spesifiek kyk na die ekonomiese, sosiale en kulturele uitdagings wat beide die lande in die gesig na onafhanklikheid gestaar het.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet die suksesse en uitdagings wat Tanzanië en die Kongo in die gesig gestaar het, krities bespreek met spesifieke verwysing na hul ekonomiese, sosiale en politieke ontwikkeling nadat hulle onafhanklik geword het van koloniale heerskappy.

UITBREIDING

EKONOMIE

- Die Kongo en Tanzanië het 'n eenproduk-ekonomie van hul koloniseerders geërf.
- Tanzanië het 'n sosialistiese ekonomiese model gevolg.
- Kongo het 'n kapitalistiese model gevolg.
- Albei lande het gesukkel om hul onderskeie ekonomieë te ontwikkel.
- Nyerere het 'n Afrika-sosialisme-model aangeneem soos uiteengesit in die Arusha-verklaring wat tot die nasionalisering van nywerhede en grond gelei het.
- Die doel daarvan was om bande met Westerse lande te sny en selfvoorsiening en selfafhanklikheid te skep.
- Die samelewing sou stabiel en vry van ekonomiese ongelykhede.
- Mobuto het die nywerhede aanvanklik genasionaliseer met behulp van die Zaïrianisasie-beleid – wat die afneem van plase en besighede vanaf buitelandse eienaars ingesluit het wat deur Kongolese vervang was.
- Toe dit misluk weens 'n gebrek aan vaardighede en swak bestuur, het hy 'n kapitalistiese model aangeneem en besighede aan buitelandse eienaars terugbesorg.
- Nyerere het Ujaama ingestel.
- 'n Landelike gemeenskap met boerdery/kollektiewe arbeid.
- Gebrek aan gereedskap, water en bestuursvaardighede het tot weerstand gelei wat die polisie en militêre magte nie kon beheer nie.
- Dit het tot die vernietiging en verlating van landerye gelei.
- Tanzanië het die armste en mees onderontwikkelde land gebly.
- Tanzanië het korrupsie van regeringsamptenare verminder deur die 'Leierskap Kode'.
- Albei lande moes buitelandse hulp aanvaar en beleggings toelaat wat Nyerere aanvanklik as neo-kolonialisme beskou het.

SOSIALE UITDAGINGS:

Onderwys:
- Beide lande het 'n koloniale onderwysstelsel geërf wat Eurosentriese waardes bevorder het
- Beide lande het vaardigheidstekorte ervaar; slegs enkele tegnici en ingenieurs was beskikbaar.
- Albei lande het Europese geskiedenis en tale geleer, die Afrika-inhoud was as minderwaardig beskou en was nie onderrig nie.

Tanzanië:
- Bevorder Swahili (plaaslike taal) bo Engels
- 'n Massiewe geletterdheidsveldtog bekendgestel wat daartoe gelei het dat ongeletterdheid tussen 1961 en 1981 drasties (van 80% tot 20%) gedaal het.
- Nyerere het 'Education for Self-Reliance' (1967) bekend gestel wat basiese geletterdheid in laerskole in alle landelike gebiede bevorder het.

Kongo:
- Het slegs 14 universiteitstudente geërf
- Het die land se hoër-onderwysstelsel uitgebrei
- Het primêre onderwys van 1960 tot 1974 vermeerder vanaf 1,6 miljoen tot 4,6 miljoen mense
- Anders as Swahili in Tanzanië, het Frans die onderrigtaal in die Kongo gebly.

Afrikanisering:
- Dorpies ('Villagisation') (Ujamaa) in Tanzanië het tradisionele gemeenskapswaardes aanvaar wat op selfvertroue gebaseer was
- Zaïrianisasie in Kongo het ervare Belgiese menslike hulpbronne vervang met plaaslike bevolking en Europese name vervang met plaaslike name, bv. Kongo na Zaïre

POLITIESE ASPEKTE

Kongo:

- Na die verkryging van onafhanklikheid deur demokratiese verkiesings (die Kongo 1960) het J. Kasavubu president en P. Lumumba die eerste minister geword
- Na die hou van veelpartyverkiesings tydens onafhanklikheid, het die Kongo binne die eerste vyf jaar na die onafhanklikheid 'n eenpartystaat geword
- Mobuto Sese Seko het tot sy dood in 2007 lewenslank as president aangebly
- Mobuto Sese Seko het 'n kleptokrasie opgerig waar 'n groep aangewese openbare amptenare hul posisie vir finansiële gewin misbruik het
- Afrika-waardes is teruggebring
- Sterk gesentraliseerde regering
- Politieke stabiliteit (alhoewel gebaseer op outoritarisme)
- Enige ander relevante antwoord

Tanzanië:

- Verkryging van onafhanklikheid deur demokratiese verkiesings (Tanzanië 1961: J Nyerere – het die grondwet gewysig om president te word (1962)
- Maklike oorgang (vreedsame verandering/rasseharmonie/toewyding tot bevordering van menslike gelykheid en waardigheid)
- Na veelpartyverkiesings tydens onafhanklikheid, het dit 'n eenpartystaat geword
- Nyerere het tussen die 1960's en 1970's as president aangebly
- Nyerere het die leierskapskode in die Arusha-verklaring bekend gestel wat hoë vlakke van integriteit van openbare amptenare geëis het
- Afrika-sosialisme / Ujamaa was geskik vir inwoners
- Stigting van die Verenigde Republiek van Tanzanië (1964)
- Gesentraliseerde en eenheidstaat
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argumente met relevante gevolgtrekkings saamvat. **[50]**

VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VSA

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]

SINOPSIS

Kandidate moet aandui in watter mate die Swartmagbeweging die optrede van Afro-Amerikaners in die 1960's beïnvloed het. Kandidate moet toepaslike voorbeelde gebruik om hul argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet aandui in watter mate die Swartmagbeweging die optrede van Afro-Amerikaners in die 1960's beïnvloed het..

UITBREIDING

Oorsprong van die beweging:

- Die Swartmagbeweging se ontstaan was as gevolg van ontevredenheid met die deur Burgerregtebeweging.
- Die Burgerregtebeweging het gefokus op swart en wit Amerikaners wat saamwerk, maar ongelykhede het gebly. Afro-Amerikaners het steeds te kampe gehad met armoede en rassediskriminasie.
- Sommige Afro-Amerikaners was teleurgesteld oor die Burgerregtebeweging en het geglo dat King te gematig was.
- Hulle wou hê dat verandering in die VSA vinniger moes plaasvind, en hulle was bereid om geweld te gebruik om dit te doen
- Die Swartmagbeweging het swart trots, eenheid en selfstandigheid bevorder
- Swart nasionaliste was van mening dat die gebruik van geweld geregverdig was om sosiale, politieke en ekonomiese mag vir Swart Amerikaners te verkry

Rol van Malcolm X:

- Malcolm X, 'n leidende figuur in die Swartmagbeweging, kragtige spreker en toegewyde menseregte-aktivis
- In 1952 word hy 'n toonaangewende lid van die nasie van Islam, 'n swart Moslem-groep wat glo dat die blanke samelewing Afro-Amerikaners terughou en hulle wil skeiding van rasse hê
- Welsprekendheid en charisma het baie nuwe lede van hierdie organisasie aangetrek. Die ledetal het van 500 in 1952 tot 30 000 in 1963 gegroei.
- Bevorder die gebruik van geweld om die doelstellings van Swartmag te bereik
- Die vreedsame benadering van Martin Luther King Jnr.
- Na 'n pelgrimstog na Mekka in 1963-1964 het Malcolm X sy idees oor integrasie verander omdat hy gesien het hoe Moslems van alle nasionaliteite en rasse vreedsaam kon saamleef.
- Stig die Organisasie van Afro-Amerikaanse eenheid in 1964. Hy het minder militant geword en beskouings aangeneem wat nie by swart nasionaliste gewild was nie.

Die Black Panther

- Huey Newton en Bobby Searle stig in 1966 die Black Panther Party (BPP) vir selfverdediging
- Hulle het ten doel gehad om Afrika-Amerikaanse buurte te beskerm teen wreedheid en rassisme deur die polisie
- Die Black Panthers bevorder Afro-Amerikaners wat wapens dra om hulself te verdedig
- Die idee van Swartmag het baie wit Amerikaners bang gemaak
- Die BPP het programme begin om armoede in swart gemeenskappe te vergemaklik, soos gratis ontbyt vir kinders, wat elke dag duisende arm en honger swart kinders voed
- Klinieke waar volwassenes en kinders gratis mediese sorg kan kry
- 'n Onderrigskema om swart kinders op skool te help slaag
- Die BPP het 'n tienpuntprogram opgestel wat die volgende eise bevat:
- Volledige indiensneming en 'n einde aan die kapitalisme wat die Afro-Amerikaanse gemeenskap ten prooi gelê het
- Afkomsbehuising en onderwys vir Afro-Amerikaners
- 'n einde aan die wreedheid van die polisie
- Die Black Panthers was in die 1960's baie gewild, aangesien hulle betrokke was by die verdediging van die regte van sowel werkers as etniese minderhede soos die Afro-Amerikaanse gemeenskappe in die ghetto's.

Die rol van Stokely Carmichael

- Stokely Carmichael het by die Burgerregtebeweging aangesluit toe hy die dapperheid van die betrokkenes in 'n sit-in sien
- Word 'n lid van SNCC en 'n Freedom Rider
- Sy verbintenis tot die passiewe weerstandsideale van Martin Luther King het in 1966 verander nadat James Meredith, 'n burgerregte-aktivis wat 'n vreedsame protesoptog gedoen het, geskiet is
- Carmichael en ander aktiviste het voortgegaan met die optog ter ere van Meredith en tydens die optog is hy in hegtenis geneem
- Toe hy uit die tronk vrygelaat is, het Carmichael 'n beroemde toespraak gehou deur die term ‘Swartmag’ vir die eerste keer te gebruik en hy het Afro-Amerikaners aangespoor om trots te wees daarop dat hulle swart is
- Hy was ten gunste van Afrika-kleredrag en Afro-haarstyle
- Hy wou hê dat Afro-Amerikaners hul erfenis moes erken en 'n gevoel van gemeenskap moes opbou
- Hy het ook die slagspreuk 'Swart is mooi' aangeneem wat trots op swartwees bevorder het
- Carmichael het ander leiers, soos King, begin kritiseer en hoe hulle met blankes wou werk
- Hy het later die SNCC verlaat en by die BPP aangesluit waar hy die Swartmagbeweging bevorder as leier, spreker en skrywer
- Hy skryf later 'n boek wat Swartmag met Pan-Africanism verbind
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argumente met relevante gevolgtrekkings saamvat. **[50]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorgehou